DR. H. BERKHOF, *Vergeving en Verwachting,* Holland Uitgeversmaatschappij Amsterdam, 1948, 194 bls., prys 12/6.

Die vererende versoek om bogenoemde boek in hierdie kolomme te bespreek het my in nie geringe verleentheid gebring nie, want om die waarheid te sê, kan ek feitlik niks as goeds daarvan getuig nie, met ander woorde daar val eintlik niks te bespreek nie — ek kan dit alleen maar met alle vrymoedigheid sonder voorbehoud en hartlik aanbeveel. Dit is weliswaar 'n preekbundel, maar dit hoef niemand af te skrik nie, want dit is nie 'n preekbundel met droë algemeenhede nie, maar 'n frisse boek vol tintelende geestelike krag, waarin die rykdom van die Skrif in skone, eenvoudige vorm blootgelê word. Wat my persoonlik betref, ek moet ronduit erken dat toe ek die boek ontvang en daarin begin blaai het, die inhoud daarvan en die seggingskrag van die skrywer my aandag onmiddellik gevange geneem het; ek het begin lees, eers hier en daar, maar toe is ek so aangegryp dat ek die boek eenvoudig nie weer kon neersit nie. Die taal is wel Nederlands, maar die styl van die skrywer is ongekunsteld en bevatlik selfs vir dié wat nie die voorreg gehad het om Nederlands op skool te leer nie.

DR. BERKHOF is as skrywer nie onbekend nie. Van sy hand het in 1946 reeds die 3de druk van sy eminente „Geschiedenis der Kerk" verskyn. „Vergewing en Verwachting" het in 1948 die lig gesien. Dit bestaan uit 'n 20-tal preke wat gehou is gedurende die laaste en moeilikste oorlogsjaar in Nederland en oorspronklik bedoel vir die gemeentelede in Zeist, maar is in gestensilde vorm beskikbaar gestel vir ander, wat weens siekte of oorlogsomstandighede van gereëlde kerkgang verstoke was. In hierdie vorm is dit van hand tot hand versprei, en omdat die preke soveel troos en vreugde gebring het, is by Dr. BERKHOF daarop aangedring om hulle in druk uit te gee, waarmee hy uiteindelik ingestem het. Die bekendste preke uit die donkere oorlogsjare is versamel en, verryk met latere oordenkinge, gebundel. Ek mag hier byvoeg, dat die preke nie deur plek, tyd en omstandighede

sodanig gekleur is, dat hulle sedert hulle frisheid en krag ingeboet het nie.

Hier is 'n man aan die woord wat met 'n begenadigde oor na die boodskap van die Heilige Skrif geluister het en wat die gawe ontvang het om dié boodskap so oor te bring en so in te klee, dat dit die verstand bevredig en die hart ontroer. Die wyse waarop Dr. BERKHOFF sy stof behandel, laat ons opnuut sien hoe die aloude Woord van God nie verouder nie en ook tot die moderne mens in sy teenswoordige nood spreek.

Die versoeking om uit hierdie ryke skat aanhalinge te doen is inderdaad groot, maar as ek met aanhalinge sou begin, sou ek nie weet wat ek moes oorslaan nie. Ek wil net die onvergelyklik mooie kerspreek oor die vleeswording van die Woord noem; die betekenis daarvan word hier so treffend geskilder, dat 'n mens na die lesing daarvan eenvoudig oorweldig voel en dit vir jou is asof jy die kersboodskap nog nooit goed verstaan het nie, en opnuut dank jy God weer vir die onuitspreeklike gawe van Sy Seun — want hierdie preke bring jou regstreeks na God toe.

Soos ek hierbo opgemerk het, het ek niks anders as waardering en lof vir hierdie uitgawe nie, en ek sou so graag sien, dat hierdie bundel ook in ons land die wye verspreiding mag geniet wat dit so ruimskoots verdien.

D. F. E.

---